**Donderdag 17 Maart**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:1-13**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:12**

## Niemand anders nie, net Jesus is Verlosser

’n Lam man van geboorte af, word genees. Hy huppel voor die tempel. Petrus en Johannes verkondig aan die mense die evangelie. Hulle word in hegtenis geneem en slaap die nag in die tronk. Die volgende oggend is die vraag voor die Joodse Raad: “Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?” (Hand. 4:5).

Soos Jesus beloof het, is dit ’n geleentheid om van Hom te getuig, en hulle doen dit voluit. Die kern van hulle antwoord is: “Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie” (4:12). Net deur sy krag is daar verlossing, vir die verlamde wat weer kon loop, vir die verlorene om die ewige lewe te ontvang. Net deur Jesus Christus!

Net een Naam, geen ander nie! Die evangelie sluit uit: Daar kan nie meer as een God, een Verlosser, een Saligmaker wees nie. Die evangelie sluit in: Deur die een Naam is daar redding vir elkeen wat glo, Jood en andere, arm en ryk, slim en dom, oud en jonk, man en vrou.

Sommige menseregte-apostels wil ons lei om ter wille van vrede en verdraagsaamheid iets goeds in elke godsdiens te sien. Dit is beledigend om te getuig dat Jesus Christus die enigste Verlosser is. Wie hierdie valse vrede najaag, verloor uiteindelik alles. Want – daar is slegs een Naam op aarde gegee deur Wie daar verlossing verkry kan word! Jesus Christus.

*Sing: Psalm 145-1:1, 12*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)*